Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2020

REKENINGKUNDE V2
BESTUURSREKENINGKUNDE, INTERNE OUDIT EN BEHEER
NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien ’n kandidaat nie punte op ’n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien ’n vooraansuiweringsyfer as ’n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien + of – teken of hakie nie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Hierdie memorandum is nie vir verspreiding aan die publiek nie aangesien sekere items dalk mag dui op foutiewe hantering. Die aanpassings is gemaak om voorsiening te maak vir verskillende nuanses in sekere vrae.
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as ’n negatiewe syfer getoon word nie
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
10. ‘Bewerking’ beteken ‘Kontroleer bewerking’. ‘Een deel korrek’ beteken ‘Bewerking en een deel korrek’.
11. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. In sulke gevalle moet die metodepunt nie toegeken word nie. Dui aan d.m.v. ☒.
12. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die memorandum verskaf.
13. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

VRAAG 1

1.1 BANKREKONSILIASIE

BANKREKONSILIASIESTAAT OP 31 JULIE 2020		
	Debiet	**Krediet**
Saldo volgens Bankstaat		✓ 3 600
Uitstaande deposito		✓ 15 200
Uitstaande tjeks		
Nr. 231	✓ 2 020	
Nr. 235	✓ 1 570	
Foutiewe inskrywing op Bankstaat	✓✓ 3 800	
Saldo volgens Bankrekening	☑11 410	
	18 800	☑ 18 800

8

-1 Vreemde inskrywings (maks. 2) beide totale

1.2 DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING

1.2.1 Hoe is die opstel van die Debiteure-ouderdomsontleding van hulp wanneer dit by beheer oor debiteure kom?

Dit wys watter debiteure nie by hul kredietooreenkomste hou nie. ✓ Stappe kan geneem word om hulle aan te moedig om te betaal. ✓ Oninbare skuld kan tot ’n minimum beperk word. ✓

3

1.2.2 Hoeveel is debiteure op 31 Mei 2020 verskuldig?

4 250 + 970 + 3 500 + 3 075 + 9 635 = 21 430 ☑☑

2

1.2.3 Vir watter debiteur sal jy graag ’n kredietverwysing wil gee?

H. Hastie ✓✓

2

1.2.4 Watter debiteur gaan ‘oorhandig word’ en wat beteken dit?

P. Platsak.✓ Dit beteken hierdie rekening sal aan ’n prokureur oorhandig word ✓ wat die debiteur sal kontak en hom ’n sekere tyd sal gee om die rekening te betaal. Indien die debiteur nie die rekening betaal nie, kan hy gedagvaar word. ✓

3

1.3 KREDITEURE-REKONSILIASIE

1.3.1 Wat is die doel van die rekonsiliasie van die saldo van die Krediteurekontrolerekening met die totaal van die Krediteurelys in die Krediteuregrootboek? Gee TWEE punte.

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

Die rekonsiliasie van die saldo van die Krediteurekontrolerekening en die totaal van die Krediteurelys is ’n vorm van interne beheer om te verseker dat foute nie gemaak word nie sodat die krediteur die korrekte bedrag betaal en die korrekte bedrag korting ontvang word.

- Dit sal besigheid ook help om foute/weglatings in die boeke op te spoor.
- Dit sal foute/weglatings op state wat ontvang word, uitwys.
- Dit sal bedrieglike aktiwiteite opspoor en stappe kan gedoen word.

4

1.3.2 Teken die foute en weglatings in die gegewe tabel aan en bereken die korrekte saldo en totaal.

	Krediteurekontrole-rekening	Krediteurelys
Voorlopige saldo/totaal	**R74 715**	**R32 595**
A		900 ✓
B	3 720 ☑	3 720 ✓
C (720 – 270)		(450) ✓✓
D (16 400 x 2)	(32 800) ✓✓	
E	43 ✓	43 ✓
F		8 870 ✓
Korrekte saldo/totaal *een deel korrek	45 678 ☑ *	45 678 ☑ *

12

TOTALE PUNTE
34

VRAAG 2

2.1 BTW-BEGRIPPE

Verander die onderstreepte gedeeltes in die volgende sinne om die stellings WAAR te maak. Skryf die antwoord langs die vraagnommer.

2.1.1 SAID / Suid-Afrikaanse Inkomstediens ✓

2.1.2 Zero / 0% ✓

2

2.2 BTW-BEREKENINGE

Bereken die korrekte bedrag BTW wat die besigheid moet betaal. Toon ALLE berekeninge.

43 820 ✓ + (1 413 ✓✓ + 2 790✓✓ + 756 ✓+ 112 ✓) – (6 818 ✓+ 184 ✓✓)
5 071 (6 punte) 7 002 (3 punte)
= 41 889✓☑ een deel korrek

OF 43 820 + 1 413 + 2 790 + 756 + 112 – 6 818 – 184
OF -43 820 – 1 413 – 2 790 – 756 – 112 + 6 818 + 184

BTW-KONTROLE

6 818	43 820
184	1 413
41 889	2 790
	756
	112
48 891	48 891

12

2.3 VOORRAADWAARDASIE

2.3.1 Bereken die volgende met betrekking tot die dameshorlosies op 31 Augustus 2020.

(a) Waarde van eindvoorraad

1 x 6 500 5 x 6 800 2 x 7 300 3 x 7 800
6 500 ✓ + 34 000 ✓ + 14 600 ✓ + 23 400 ✓

= 78 500 ☑ een deel korrek (1 + 5 + 2 + 3 = 11 eenhede) / 47 – 36 = 11

5

(b) Koste van verkope

330 000 twee punte
78 000 ✓ + 252 000 ✓ – 78 500 ☑ (sien hierbo)

= 251 500 ✓☑ een deel korrek

OF

440 125 x 100/175 = 251 500
(1 punte) (2 punte) (1 punt) (1 w/s)

OF

71 500 (11 x 6 500)
68 000 (10 x 6 800)
73 000 (10 x 7 300)
39 000 (05 x 7 800)
251 500

5

(c) Voorraadhoudingsperiode (in dae) deur gemiddelde voorraad te gebruik

78 250 2 punte sien 2.3.1 (a)
½ (78 000✓ + 78 500☑) x 365 = 113,6 dae ☑ een deel korrek
251 500 ☑ sien 2.3.1 (b) Aanvaart 114 dae

4

2.3.2 Bereken die volgende met betrekking tot die manshorlosies op 31 Augustus 2020:

(a) Waarde van eindvoorraad

304 150 (3 punte)
32 300 ✓+ 259 900 ✓ + 11 950 ✓
95 ✓+ 675 ✓
770 (2 punte)
= 395

395 x 92 ✓ = 36 340 ☑ een deel korrek

7

(a) Verkope

(770 – 92) = 678 (eenhede verkoop)✓✓ (2 of 0)

678 x R520 = 352 560☑ een deel korrek

3

2.3.3 Verduidelik waarom die besigheid verskillende metodes gebruik om elk van die tipes horlosies te waardeer. Gee EEN geldige punt.

Een geldige punt ✓✓

- Dameshorlosies word teen hoë pryse verkoop. Klein hoeveelhede word aangekoop.
- Elke item kan individueel gemonitor word.
- Die waarde verander voortdurend.

Manshorlosies word teen lae pryse verkoop. Groot hoeveelhede word aangekoop. Die waarde van die horlosies is byna dieselfde.

2

TOTALE PUNTE
40

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (3.1.1–3.1.2).

3.1.1	Waar	✓
3.1.2	Onwaar	✓

2

3.2.1 Nota vir Direkte Materiaalkoste

Saldo aan die begin van die jaar	**210 000**	
Aankope	1 035 000	✓☑*
Spoorvrag op aankope	180 000	✓✓
	1 425 000	
Saldo aan die einde van die jaar (1 425 000 – 1 240 000)	(185 000)	✓☑*
	1 240 000	✓

7

*1 deel moet korrek wees; -1 Vreemde items; Maks. 1

3.2.2 Produksiekostestaat op 29 Februarie 2020

Direkte materiaal	**1 240 000**	
✓ Direkte arbeid (724 160 x 0,5) ✓	362 080	✓☑*
✓ Primêre koste DM + DA	1 602 080	✓
✓ Fabrieksbokoste (1 920 000 – 1 602 080)	317 920	✓✓
Totale koste van produksie	**1 920 000**	
✓ Goedere-in-bewerking aan die begin van die jaar (2 010 000 – 1 920 000)	90 000	✓✓
	2 010 000	✓
Goedere-in-bewerking aan die einde van die jaar	**(90 000)**	
Koste van produksie van klaarprodukte (96 000 x R20)	1 920 000	✓☑*

15

*1 deel moet korrek wees

3.2.3 Inkomstestaat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Verkope	3 804 000 ✓
Koste van verkope	(1 902 000) ✓✓
Bruto wins	1 902 000 ☑
Administratiewe koste (571 100 ✓ + 181 040 ✓)	(752 140) ☑
Verkoops- en verspreidingskoste	(594 860) ✓✓
Netto wins	555 000 ✓☑

11

3.3 KOSTEBEREKENINGE

3.3.1 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 31 Augustus 2020.

✓
736 000 = 61 333 of 61 334 ☑ Een deel korrek
(28✓ – 16✓)

4

3.3.2 Behoort die besigheid tevrede te wees met die aantal eenhede wat hulle gedurende die huidige finansiële jaar vervaardig en verkoop het? Verduidelik. Haal syfers aan.

Ja/Nee ✓
Rede met syfers ✓✓

Rede vir Ja
Die besigheid het (64 000 – 61 334) 2 666 eenhede meer as die gelykbreekpunt verkoop.
Rede vir Nee
Die besigheid het (78 000 – 60 000) 18 000 eenhede meer as die gelykbreekpunt in die vorige finansiële jaar verkoop.
Produksie het van 78 000 tot 64 000 verminder.

3

3.3.3 **Gee TWEE moontlike redes vir die styging in direkte materiaalkoste per eenheid, in die huidige finansiële jaar.**

Enige TWEE geldige redes ✓✓ ✓✓

- Pryse van grondstowwe het gestyg a.g.v. inflasie
- Bergingskoste
- Grondstowwe is van nuwe verskaffers aangekoop
- Toename in vermorsing
- Toename in vraggeld

4

3.3.4 **In ’n poging om die finansiële resultate vir die volgende finansiële jaar te verbeter, het Tyler, die eienaar, voorgestel dat die hoeveelheid ontbytpap per houer met 10% verminder moet word terwyl die verkoopprys dieselfde bly. Gee TWEE geldige redes waarom hy dit nie moet doen nie.**

Enige TWEE geldige redes ✓✓ ✓✓

- Dit is nie eties nie en sal lei tot ’n vermindering in die aantal klante sodra dit algemene kennis word.
- Dit is doelbewuste produk-inkrimping om hoër winste te behaal. Dit kan lei tot wetlike optrede teen die besigheid.
- Indien die inhoud van die produk nie ooreenstem met die inligting op die verpakking nie, kan die produk van die winkelrakke verwyder word.

4

TOTALE PUNTE
50

VRAAG 4

4.1 Kies die korrekte beskrywing in KOLOM B wat by 'n begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–E) langs die vraagnommers (4.1.1–4.1.4).

4.1.1	C ✓
4.1.2	D ✓
4.1.3	A ✓
4.1.4	B ✓

4

4.2.1 ALGEMENE GROOTBOEK VAN SHARKS BPK.
BATEVERKOPE

2020 Aug	**31**	Toerusting ✓	1 200 000 ✓	**2020 Aug**	**31**	Opgehoopte waardever-mindering op toerusting ✓	630 000 ✓✓✓
		Wins met verkoop van bate ☑	30 000 ☑			Krediteure-kontrole ✓	600 000 ✓
			1 230 000				1 230 000

10

4.2.2 Vaste Bates

	Grond en Geboue	Toerusting
Drawaarde aan die begin van die jaar	**4 050 250**	**660 000**
Kosprys	**4 050 250**	**1 200 000**
Opgehoopte waardevermindering	**0**	**(540 000)**
Bewegings:		
Toevoegings		1 500 000 ✓
Bateverkope (660 000 – 90 000)	(1 462 500) ✓✓	(570 000) ✓✓
Waardevermindering	0	(202 500) ✓✓☑
Drawaarde aan die einde van die jaar	2 587 750 ✓	1 387 500 ☑
Kosprys	2 587 750	1 500 000 ✓
Opgehoopte waardevermindering	0	(112 500) ☑

12

TOTALE PUNTE
26

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou